

Hoofstuk van die dag: Josua 6

> *Die Here het vir Josua gesê: “Ek gaan Jerigo, sy koning en sy soldate nou in jou mag oorgee.” (vers 2)*

Gister het ons gesien hoe die Aanvoerder van die Here op die toneel verskyn, en in Josua 6 sien ons wat gebeur wanneer Hy die oorleg veg. Josua en sy mense hoef eintlik niks te gedoen het nie. Hulle was weinig meer as toeskouers in die oorname

van Jerigo. Nie een van hulle sou agterna kon sê dat hulle die stad met hulle vernuftigheid of dapperheid ingeneem het nie.

Dit is presies die punt. Die inname van die Beloofde Land was nie hulle prestasie nie; dit was ’n geskenk van God. Hiervan was Jerigo by uitstek die simbool. Dit was God wat dit vir hulle gegee het, en so sou dit altyd bly. Die land was nooit húlle s’n om te besit nie. Dit was God s’n wat hulle ontvang het. om met dankbaarheid te geniet.

Dis hoe ons ook moet dink oor wat óns van God ontvang het: dis gawes wat ons nie besit en oor beskik nie, maar mag geniet omdat God dit vir ons gun.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting

Hoofstuk van die dag: Josua 5

> *“Nee,” sê die man, “ek is die aanvoerder van die leër van die Here. Daarom is ek hier.” (vers 14)*

Josua 5 vertel vir ons hoe die Israeliete hulle moes voorberei om die Beloofde Land in besit te neem: nie deur hulle wapens reg te kry nie, maar deur besny te word as teken dat hulle aan God behoort, en deur die Paasfees te vier, om God se verlossing uit Egipte te herdenk.

Dit alles gebeur skaars ’n klipgooi van Jerigo af, net omtrent 2,4 kilometer. En dan volg daar ’n vreemde insident. Josua stap nader aan Jerigo om die toneel van hulle eerste geveg te bekyk. Skielik staan ’n Man voor hom met ’n ontblote swaard in die hand. Josua wou by Hom weet of Hy vriend of vyand is; of Hy vir of teen hulle gaan veg. Nee, antwoord die Man. Hy het nie gekom om te veg nie. Hy is in beheer van die oorlog.

Dis vandag nog so. God is nie vir of teen nie; Hy is God. Óns is die mense wat moet besluit of ons vir of teen Hóm is.

Hoofstuk van die dag: Josua 4

> *"As julle kinders eendag hulle pa's vra: 'Wat beteken daardie klippe?' moet julle die kinders inlig en sê: Israel het op droë grond deur hierdie Jordaanrivier gegaan. Die Here julle God het die Jordaan se water voor julle laat opdroog …" (vers 21-23)*

Ons land staan vol monumente wat een of ander besondere gebeurtenis herdenk. Die sleutelwoord is "herdenk". Die monumente laat ons weer dink aan wat gebeur het. Dit was ook die rede hoekom die Here die Israeliete beveel het om 'n klipstapel langs die Jordaan op te rig: dit moes hulle herinner aan die wonderlike voorsiening van die Here. Let wel: nie soseer dat hulle droogvoets deur die rivier kon trek nie,

maar dat Gód dit vir hulle gedoen het. En – dit was ’n aanknopingspunt tot ’n geestelike gesprek met hulle kinders.

Ons het natuurlik ook herinneringstekens. Die pas-afgelope Paasnaweek was vol daarvan – die kruis, die leë graf, en natuurlik die nagmaal. Praat met jou kinders en kleinkinders hieroor, sodat die lig van God se voorsiening en sorg helder oor jou en jou mense kan skyn, in hierdie dae van inperking, maar ook tot anderkant die krisis.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: Josua 3

> *“Wanneer julle sien die Levitiese priesters dra die verbondsark van die Here julle God, moet julle van julle staanplekke af vertrek en die ark volg, sodat julle kan weet watter pad om te gaan, want julle het nie vantevore met dié pad langs gegaan nie. Maar daar moet ’n behoorlike afstand wees tussen julle en die ark, omtrent nege honderd meter. Moenie te naby hom kom nie.” (vers 3-4)*

’n Nuwe era breek vir Israel aan. Hulle betrek ’n onbekende land. Alles is vreemd; ook die pad wat hulle moet vat. Dis amper waar óns nou is: in ’n vreemde, onbekende situasie, en ons weet nie eintlik waar dit gaan eindig of hoe die lewe ná COVID-19 gaan lyk nie. Dit maak ’n mens onseker en selfs angstig.

Jy hoef nie so te wees nie, want jy is nie alleen in hierdie vreemde situasie nie. God gaan voor ons uit, soos Hy voor die Israeliete uitgegaan het. Hy is nie verniet “die Here van die hele aarde” (vers 11 en 13) nie! Hy kan wonders doen, soos Hy vir die Israeliete gedoen het. Ons moet Hom net nougeset volg (vgl. Hebreërs 12:1-3).



Hoofstuk van die dag: Josua 2

> *… julle God, die Here, is God, bo in die hemel en onder op die aarde. (vers 11)*

Sjoe, dis nogal ’n mondvol, en dit boonop van ’n vreemdeling! ’n Mens kan dit byna nie glo dat sy so goed ingelig was nie. Sy het alles geweet van hoe die Here deur wonders die Israeliete uit Egipte tot op die grens van Kanaän gelei en beskerm het. Sy was bereid om haar lewe te waag omdat sy geglo het die God van die Israeliete, die Here (Jahwe), is die Een wat sal seëvier. Ja, sy het selfs God se Naam geken.

Waar sou sy aan haar inligting gekom het? Die Bybel vertel dit nie vir ons nie, maar ons kan dit self uitwerk. Mense praat onder mekaar. Party mense steur hulle nie aan dié stories nie, maar daar is ander wat dit glo. En daarop reageer, soos Ragab.

Ek en jy weet nie wie almal ag slaan op wat ons sê nie. Maar in God se almag kan dit wat mense by jou hoor oor Hom, ’n instrument word om iemand na Hom te lei, soos wat met Ragab gebeur het. Dit maak my opgewonde!



Hoofstuk van die dag: Josua 1

> *Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. (vers 7)*

Josua moes baie groot skoene volstaan. Hy het immers die Israeliete se groot leier Moses opgevolg. En nou is dit sý taak om die beloofde land Kanaän in besit te gaan neem.

Ek stel my voor Josua se broek het gebewe, net by die gedagte. Dis op hierdie moment dat die Here hom moed inpraat vir die groot uitdaging wat wag. “Wees sterk, wees vasberade,” sê God vir hom. Want daar wag vyandige volke op hulle, en hulle sal nie die land op ’n skinkbord vir Josua gee nie.

Maar dit was nie Josua se grootste uitdaging nie. Groter as die oorloë wat wag, is die uitdaging om naby God te bly. Daarom sê God: “Wees _veral_ sterk en _baie_ vasberade in die uitvoering van die wet van Moses.”

Vandag is die uitdagings met die korona-pandemie ook oorweldigend. Maar groter as die pandemie is die uitdaging om naby God te bly, ondanks die listige aanslae. Hoe sê die Here? As jy aan sy Woord getrou bly, “sal jy voorspoedig wees …”

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026